



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2015

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

VRAAG 1: HOE HET OOS- EN WES-BERLYNERS IN 1961 OP DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR GEREAGEER?**BRON 1A**

Hierdie uittreksel is in 2005 deur JL Gaddis, 'n Amerikaanse historikus, geskryf. Dit skets die redes vir die bou van die Berlynse Muur in 1961 en die reaksies van beide Nikita Khrushchev en John F Kennedy.

Sowat 2,7 miljoen Oos-Duitsers het teen 1961 deur die oop grens na Wes-Berlyn en van daar na Wes-Duitsland gevlug. Die totale bevolking van die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het sedert 1949 van 19 miljoen tot 17 miljoen afgeneem.

Dit was 'n ernstige krisis vir kommunisme op sigself, soos die Sowjet vise-premier, Anastas Mikoyan, in Julie 1961 die Oos-Duitsers gewaarsku het: '... Indien sosialisme nie in die DDR wen nie; indien kommunisme homself nie hier as superieur (verhewe) en noodsaaklik bewys nie, dan het ons nie gewen nie. So fundamenteel is hierdie saak vir ons ...'

Khrushchev (die Sowjetleier) het erken dat 'meer as 300 000 mense, om die waarheid te sê, die beste en mees gekwalifiseerde mense van die DDR, die land verlaat het ... Die Oos-Duitse ekonomie sou ineengestort het as ons nie gou iets omtrent die massa-ontvlugting gedoen het nie ... Die (Berlynse) Muur was dus die enigste oorblywende opsie.'

Dit is gedurende die nag van 12 tot 13 Augustus 1961 opgerig, eers as 'n doringdraad-versperring, maar toe as 'n betonblokmuur van twaalf voet (ongeveer vier meter) hoog en amper honderd myl (amper 155 km) lank, beskerm deur wagtoringe, mynvelde, polisiehonde en die bevel om enigiemand dood te skiet wat probeer om dit oor te steek. Khrushchev se besluit het wel die situasie gestabiliseer sover dit die verhouding tussen die supermoondhede in die Koue Oorlog aangegaan het. Met Wes-Berlyn van Oos-Berlyn en Oos-Duitsland geïsoleer, was dit nie meer vir hom nodig om die Westerse magte uit die stad te probeer verdryf nie ...

'Dit is nie 'n baie aangename oplossing nie,' het Kennedy (President van die Verenigde State van Amerika) erken, 'maar 'n muur is baie beter as 'n oorlog.' Toe die President in Junie 1963 self die Berlynse Muur besoek het, kon hy tog nie help om te sê: 'Ons hoef nog nooit 'n muur opgerig het om ons mense binne te hou om te keer dat hulle ons verlaat nie.'

[Uit: *The Cold War* deur JL Gaddis]

BRON 1B

Die volgende uittreksel fokus op die gebeure na 13 Augustus 1961 in Berlyn, die dag toe die Oos-Duitse regering begin het om die Berlynse Muur te bou. Dit is 'n ooggetuieverslag deur John Wilkes, 'n 19-jarige lid van die Verenigde State se lugmag, wat in 1961 in Berlyn gestasioneer was.

Die atmosfeer in Wes-Berlyn, tot hierdie noodlottige dag was positief, selfs sorgeloos, ten spyte van die feit dat Berlyn diep binne-in Oos-Duitsland geleë was en deur Oos-Duitse en Sowjetweermagbarakke en vliegvelde omring was ...

Deels as gevolg van hierdie opgewekte (vrolike) atmosfeer en deels as gevolg van my jeugdige naïwiteit (onskuld), kon ek nie glo dat Oos-Duitse grenswagte werklik burgerlikes sou skiet as hulle sou probeer om uit Oos-Berlyn te vlug toe die [Berlynse] Muur eers in aanbou was nie. Vir 'n paar dae na 13 Augustus het hulle ook nie. Maar Oos-Duitsers het geweet dat hulle vinnig sou moes optree as hulle wou wegkom.

Die eerste een wat op 22 Augustus oor die doringdraad gespring het, was 'n offisier van die Oos-Duitse weermag. Amper onmiddellik het Oos-Berlyners wat Wes-Berlyn wou bereik, uit woonstelvensters op die boonste verdieping gespring en deur riviere en mere in die stad geswem. Die eerste Oos-Berlyner wat op 24 Augustus, 11 dae nadat werk aan die [Berlynse] Muur begin is, deur 'n grenswag doodgeskiet is, was 'n man wat deur 'n kanaal in die middestad geswem het.


Na daardie insident het die skietery algemeen geword. Die mees opspraakwekkende moord was dié van Peter Fechter, 'n 18-jarige Oos-Duitse messelaar. Hy is op 17 Augustus 1962 geskiet net toe hy besig was om oor die tweede muur te klim en amper veiligheid bereik het. 'n Skare het vinnig aan albei kante van die muur bymekaargekom. Die swaar gewonde Fechter het in niemandsland in teruggeval. Omdat hulle bang was om 'n skietoorlog te ontketen, het Oos-Duitse grenswagte en soldate van die Verenigde State wat op die toneel aangekom het, geaarsel.

Niemand het probeer om Fechter te help waar hy gelê en kreun het en om water gesmeek het nie. Hy het binne 'n uur voor honderde mense aan beide kante van die Muur doodgebloei.

[Uit: http://www.santacruzsentinel.com/ci_18674221. Toegang verkry op 8 November 2014.]

BRON 1C

Hierdie spotprent is deur 'n Amerikaner, Don Wright, geteken. Dit toon die Sowjetleier, Khrushchev, wat bo-op die Berlynse Muur staan met sy hande bo-oor die doringdraad en lyke uitgestrek wat beweer: 'Kyk Hoeveel Bly aan Ons Kant.'



[Uit: *The Cold War: Opposing Viewpoints* deur W Dudley (red.)]

BRON 1D

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat op 23 Augustus 1961 in *Der Spiegel* ('n Wes-Duitse koerant) gepubliseer is, getiteld 'Stadsbevelvoerders: hulle het absoluut niks gehoor nie'. Dit fokus op hoe Wes-Berlynse burgers teen die bou van die Berlynse Muur beswaar gemaak het.

Applous het die jong manne gevolg terwyl hulle stadig deur die groot skare na die podium (verhoog) beweeg het. Die woorde op hulle groot plakkate was op 'n afstand sigbaar: 'Weet die Weste nie wat om te doen nie?', 'Waar is die beskermingsmagte?' en 'Verraai deur die Weste?'

Die vrae bly onbeantwoord. Selfs die Wes-Berlynse burgemeester, Willy Brandt, 'n spreker by die protesbyeenkoms teen die afsperring van die oostelike sektor, kon nie die skare van 250 000 gerusstel nie. Sy bitterheid oor die Weste se versuim om te reageer, kon hy nie wegsteek nie en hy het hees in die mikrofoon geskree: 'Berlyn ver wag meer as net woorde!'

... Beide die grenskrisis en die vertrouenskrisis (tussen Wes-Berlynse en die Geallieerdes) het omtrent gelyktydig in die vroeë oggendure van 13 Augustus, Berlyn se Swart Sondag, begin toe Sowjetweermagtenks na die sektorgrense aangerol gekom het en die Westerse magte kwalik daarin geslaag het om hulle ongeërgdheid oor die jongste Berlynse krisis weg te steek. Die Amerikaanse, Engelse en Franse weermagte het min aandag aan Ulbricht (die Oos-Duitse leier) se troepe gegee wat besig was om byeen te kom.

... Die teleurstelling van die verbitterde (woedende) Berlynse oor die halfhartige (flou) reaksie van hulle Westerse beskermers het so groot geraak dat daar verlede Woensdag ... 88 uur na die transformasie van die Sowjetsone in 'n konsentrasiekamp ... spesiale veiligheidsmaatreëls geïmplementeer is om die protesbyeenkoms te beheer wat deur die Wes-Berlynse Senator vir Binnelandse Sake, Joachim Lipschitz, by die Schönebergdistrik se stadsaal gereël is.

Sowat 12 000 Wes-Berlynse polisieledes is beveel om waterkanonne en rubberknuppels te gebruik om betogings (deur Wes-Berlynse burgers) te stop wat by die Potsdamer Platz, die Brandenburghek en selfs by die Amerikaanse hoofkwartier in die Zehlendorfdistrik opgeduik (plaasgevind) het.

[Uit: <http://www.spiegel.de/international/germany/from-the-archive-berliners-blame-allies-for-wall-construction-a-778019.html>. Toegang verkry op 20 Januarie 2015.]

VRAAG 2: WAAROM HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALLE IN 1987 EN 1988 DIE FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG IN ANGOLA GEWORD?**BRON 2A**

Die volgende uittreksel beskryf die betrokkenheid van Angola, Kuba, Suid-Afrika en die Sowjetunie by die Slag van Cuito Cuanavale wat tussen 1987 en 1988 plaasgevind het.

Angolese en Kubaanse brigades (soldate-eenhede) het in Augustus 1987 onder 'n Russiese bevelvoerder 'n grootskaalse aanval op UNITA geloods. Die Suid-Afrikaanse troepe wat tot hulle redding gekom het, het vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog tenks gebruik. Die gevegte wat noord van Mavinga gewoed het, is al die grootste slag nog in Afrika suid van die Sahara genoem. Die Suid-Afrikaners, gesteun deur UNITA, het die Angolese opmars by die Lombarivier gestuit en hulle na Cuito Cuanavale teruggedryf, waar die Angolese soldate vasgeskop en halsstarrig (hardkoppig) weerstand gebied het. Hulle het ook toenemende ondersteuning van hulle lugmag gekry, terwyl die Suid-Afrikaanse lugmag lugbeheer begin verloor het. Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het gedink dat Cuito Cuanavale ingeneem kon word, maar dat dit die lewens van ongeveer 300 wit soldate en 'n groot aantal swart soldate van die Suidwes-Afrikaanse Landweermag en UNITA sou kos. So 'n prys is as te hoog beskou en daar is besluit om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat ...

... Cuito Cuanavale was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika. Die dooiepunt daar het daartoe gelei dat al die partye herbesin het. Dit was vir almal duidelik dat daar geen oorwinning in sig was nie en om met die oorlog voort te gaan, tot al hoe groter verliese sou lei. Suid-Afrika het dit al hoe moeiliker gevind om die enorme (groot) koste van die oorlog in Angola te regverdig, wat meer as R1 miljoen per dag gekos het. Boonop het die groeiende lys van jong mans wat in Angola gesterf het en die toenemende militarisering van Suid-Afrika teenkating ontlok. Terselfdertyd het Angola gesmag na vrede sodat die ekonomie, infrastruktuur en menslike verhoudinge wat deur die oorlog beskadig is, herstel kon word.

[Uit: *South Africa in the 20th Century* deur BJ Liebenberg en SB Spies (reds.)]

BRON 2B

Hierdie uittreksel skets Generaal Jannie Geldenhuys se siening oor die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale.

Generaal Geldenhuys het gesê dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) streng beperkte doelwitte gehad het toe sy magte in Julie 1987 aansienlik by UNITA in suidoostelike Angola betrokke geraak het. 'Dit was nie ons bedoeling om 'n oorlog te begin wat dalk in Luanda sou eindig en vir ewig sou aanhou nie. Ons wou nie Angola ons Viëtnam maak nie. Ons doelwit, nadat ons Angola binnegeval het, was om sekere beperkte take af te handel en dan weer terug te val.'

Geldenhuys het ontken dat Cuito Cuanavale ooit vir die SAW 'n doelwit van strategiese belang was. 'Cuito Cuanavale is deur die Kubane in die kalklig geplaas. Ek het in werklikheid die Hoof van die Weermag [Kat Liebenberg] verbied om Cuito Cuanavale in te neem. Ek het net een toegewing gemaak: As ons operasies so sou ontwikkel dat Cuito Cuanavale in ons skoot sou val en ons dit kon verower sonder om daarvoor te veg, kon ons troepe dit beset.

'Verder moes ons seker wees dat ons in staat sou wees om dit te verdedig, want daar is geen sin daarin om 'n plek in te neem as jy dit nie kan behou nie.'

Geldenhuys het gesê dat daar verskeie maniere was waarop 'n mens kon redeneer oor wie die oorlog om Afrika gewen het. Die beste manier was om na die aanvanklike doelstellings van elke kant te kyk. 'Die Kubaanse-FAPLA-oogmerk was om Mavinga en Jamba te verower. Hulle het dit nie reggekry nie. Ons oogmerk was om te voorkom dat hulle Mavinga en Jamba verower. Ons het daarin geslaag.'

[Uit: *The War for Africa – Twelve Months that Transformed a Continent* deur F Bridgland]

BRON 2C

Die volgende statistiek is deur Generaal Geldenhuys verskaf. Dit toon die militêre verliese wat Kuba/FAPLA en die SAW gedurende die Slag van Cuito Cuanavale (1987 tot 1988) gelyk het. Geen syfers is vir die UNITA-magte beskikbaar wat op daardie tydstip saam met die SAW geveg het nie.

Kubaanse/FAPLA- en SAW-verliese gedurende die Slag van Cuito Cuanavale (1987 tot 1988)		
	KUBAANSE/FAPLA- VERLIESE	SAW-VERLIESE
Tenks	94	3
Gepantserde voertuie	100	11
Vuurpylrigters	34	0
Artilleriekanonne	9	0
Mobiele brûe	7	0
Logistieke voertuie	389	0
Missielsisteme	15	0
Radars	5	0
23 mm-tenkafweerkanonne	22	n.v.t.
Vegvliegtuie	9	2 (1 neergeskiet; ongeluk)
Ligte vliegtuie	0	1
Helikopters	9	0
Lewensverlies	4 785	31

[Uit: *The SADF in the Border War: 1966–1989* deur L. Scholtz]

BRON 2D

Die volgende uittreksel is uit 'n artikel, 'Cuito Cuanavale, Angola – 25th Anniversary of a Historical African Battle' geneem, wat op 24 April 2008 deur Ronnie Kasrils geskryf is. Kasrils was 'n lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee van die African National Congress (ANC) gedurende die Slag van Cuito Cuanavale.

Die vinnige bou van landingstroke deur Kubaanse ingenieurs by Cahama en Xangongo, binne 300 kilometer van die Namibiese grens, wat die strategiese hidro-elektriese damstelsels by Ruacana en Calueque aan die Kunenerivier binne trefafstand gebring het, was 'n briljante skuif. Sowjet-MIG-23's (oorlogsvliegtuie), wat deur Kubaanse vlieëniers gevlieg is, het hulle oorhand oor Suid-Afrika se verouderde Mirage-vegters (oorlogsvliegtuie) bewys en noudat hulle die lugruim beheer het, was die netwerk van SAW-basisse in noordelike Namibië aan hul genade uitgelewer ...

27 Junie 1988 was die begin van die einde vir die SAW. 'n Eskader (Sowjet-) MIG's het die Ruacana- en Calueque-aanlegte gebombardeer, wat die water- en kragvoorsiening na Ovamboland en sy militêre basisse afgesny het en elf jong Suid-Afrikaanse dienspligtiges gedood het ...

Die Kubane kon Namibië binnegeval het, maar het selfbeheersing uitgeoefen. Al die partye, insluitend die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie, het na 'n skikking en 'n pad vorentoe in samesprekings gesoek wat voorheen nêrens gekom het nie. Castro wou nie 'n bloedige geveg hê wat baie lewens aan albei kante sou kos nie en apartheid se generaals en politieke leiers wou dit ook nie hê nie. Hulle kon dit selfs minder as die Kubane bekostig om soldate te laat sneuwel, in ag genome die omvangryke stryd onder die mense, die skerp toename in gewapende operasies binne Suid-Afrika deur die ANC se gewapende vleuel, Umkhonto we Sizwe (Spies van die Nasie), en toenemende verset teen militêre diensplig onder wit dienspligtiges.

[Uit: <http://monthlyreview.org/2013/04/01/cuito-cuanavale-angola/>.
Toegang verkry op 12 November 2014.]

VRAAG 3: HOE HET KONSERWATIEWE WIT AMERIKANERS IN 1957 OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEREAGEER?**Agtergrondinligting:**

Central High School in Little Rock, Arkansas, is uitsluitlik vir gebruik deur wit Amerikaanse studente gebou. Dit was in ooreenstemming met die segregasiebeleid wat in die Suidelike State van Amerika toegepas is. Sommige swart Amerikaners het hierdie segregasiebeleid uitgedaag kragtens die Hooggeregshof se beslissing in die *Brown-versus-Board of Education*-saak van 1954, wat verklaar het dat 'aparte onderwysgeriewe inherent ongelyk is'. In reaksie daarop het die Raad van die Central High School hierdie hofbeslissing aanvaar en in September 1957 met die integrasieproses begin.

BRON 3A

Hierdie bron gee 'n oorsig van hoe die Little Rock-nege van Arkansas gewerf is as die eerste swart Amerikaanse studente wat Central High School in September 1957 moes begin bywoon. Hulle is deur Daisy Bates, die president van die 'National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP)', vir skoolintegrasie voorberei en georiënteer.

Ten spyte van die teenkating het nege studente geregistreer om die eerste swart Amerikaners te wees om Central High School by te woon. Minnijean Brown, Elizabeth Eckford, Ernest Green, Thelma Mothershed, Melba Patillo, Gloria Ray, Terrence Roberts, Jefferson Thomas en Carlotta Walls is gewerf deur Daisy Gaston Bates, president van die Arkansas NAACP en mede-uitgewer, saam met haar man, LC Bates, van die *Arkansas State Press*, 'n invloedryke Afro-Amerikaanse koerant.

Daisy Bates en andere van die Arkansas NAACP het die groep studente noukeurig geëvalueer om vas te stel of hulle almal die krag en vasberadenheid gehad het om die weerstand wat hulle sou ondervind, die hoof te bied.

In die weke voordat die nuwe skooljaar begin het, het die studente aan intensiewe beradingsessies deelgeneem om hulle voor te berei op wat om te verwag as die klasse eers begin het en hoe om op die verwagte vyandige (onvriendelike) situasies te reageer. Die groep het as die Little Rock-nege bekend geword.

[Uit: <http://www.history.com/topics/black-history/central-high-school-integration>.
Toegang verkry op 1 November 2014.]

BRON 3B

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 2 September 1957 deur die Goewerneur van Arkansas, Orval Faubus, gelewer is. In hierdie televisietoespraak het hy vir die mense van Arkansas vertel hoe hy oor die integrasie van wit openbare skole in Little Rock, Arkansas, gevoel het.

Ons staan nou voor 'n heeltemal ander probleem, en dit is die gedwonge integrasie van die openbare skole van Little Rock teen die oorweldigende sentiment (gevoel) van die mense in die omgewing. Hierdie probleem toon alle tekens en aanduidings dat die poging om integrasie af te dwing, wydverspreide wanorde en geweld sal meebring.

Daar is 'n ander aspek wat ek in ag moet neem, en dit is die feit dat hierdie spesifieke probleem en die oplossing daarvan nie net regoor die staat nie, maar landswyd voorkom. Dit is natuurlik 'n jammerte, maar dit is 'n situasie buite my beheer.

Die integrasieplan wat nou deur die federale howe op ons afgedwing word, is deur die Little Rock-skoolraad en hulle superintendent opgestel en deur 'n federale hof goedgekeur voordat die mense se menings, wat intussen baie duidelik geword het, gelug kon word. Hierdie menings van die mense is reeds duidelik aangedui deur die grootste, eeue oue beginsels van demokrasie, deur die uitoefen van die stemreg, en die menings van lede van die wetgewende gesag wat deur die mense verkies is en hulle verteenwoordigers is.

[Uit: <http://southerncolloqrhetoric.net/web/resources/Faubus570902.pdf>.
Toegang verkry op 1 November 2014.]

BRON 3C

Hierdie uittreksel fokus op 'n onderhoud wat Daisy Bates met dr. Benjamin Fine, voormalige onderwysredakteur van *The New York Times*, gevoer het. Hy het verslag gedoen oor wat op 4 September 1957, die eerste dag van integrasie by Central High School, plaasgevind het.

'n Paar dae nadat die (Arkansas) Nasionale Garde die Neger* (swart Amerikaanse)-kinders se toegang tot die skool geblokkeer het, het Ben by my huis opgedaag.

'Daisy, hulle het my in die gesig gespoeg. Ek is 'n gemerkte (verdagte) man sedert daardie dag toe Elizabeth probeer het om Central binne te gaan. Ek het jou nooit vertel wat daardie dag gebeur het nie. Ek het probeer om nie daaraan te dink nie. Miskien was ek te skaam om aan jou of myself te erken dat wit mans en vrouens so wreed kon wees.

Ek het daardie dag voor die skool gestaan. Daar is skielik geskreeu: "Hulle is hier! Die Negers* kom!" Ek het 'n oulike dogter gesien wat omtrent vyftien jaar oud gelyk het en alleen gestap het. Sy het 'n paar keer probeer om tussen die wagte deur te loop. Die laaste keer wat sy probeer het, het hulle hul bajonette (skerp mes wat aan 'n geweerloop vas is) voor haar gehou. Die vrouens het geskree: "Kry haar! Lynch haar!" Die mans het geskree: "Gaan huis toe ...". Sy het uiteindelik tot by die bushalte gevorder. Ek het langs haar gaan sit en gesê: "Ek is 'n verslaggewer van *The New York Times*, kan ek jou naam kry?" Sy het net daar gesit, kop onderstebo. Trane het onder haar sonbril uit oor haar wange gestroom. Daisy, ek weet nie wat gemaak het dat ek my arm om haar gesit het, haar ken gelig en gesê het: "Moenie dat hulle sien jy huil nie."

Teen daardie tyd moes daar vyfhonderd om ons gewees het. Ek onthou vaagweg iemand het hard geskree: "Kry 'n tou en sleep haar na hierdie boom toe."

Daisy, die ironie daarvan is dat die Nasionale Garde die hele tyd geen poging aangewend het om Elizabeth te beskerm of om my te help nie. In plaas daarvan het hulle gedreig om my te arresteer vir aanhitsing tot onluste.'

Elizabeth, wie se waardigheid en selfbeheersing ondanks die spottende skare deur televisiekameras verfilm is en in foto's in koerante regoor die wêreld verskyn het, het oornag 'n nasionale heldin geword. In die volgende paar dae het koerantverslaggewers wat met haar wou praat, haar huis beleër (omring).'

[Uit: *The Long Shadow of Little Rock* deur D Bates]

***Neger: 'n Afbrekende (neerhalende) term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

BRON 3D

Hierdie visuele bron is 'n pamflet wat deur die Capital Citizens Council (CCC) ontwerp en versprei is. Dit was 'n organisasie wat deur konserwatiewe wit Amerikaners gestig is wat in Little Rock, Arkansas, gebly het. Hulle doel was om die integrasie van Central High School in 1957 teen te staan.



[Uit: <http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=718#>.
Toegang verkry op 2 November 2014.]

Nasionale Garde wat in 1957 deur
President Eisenhower ontplooi is.

Afrikaanse vertaling van die pamflet: **BROEDERSKAP DEUR BAJONET!**

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bates, D. 1966. *The Long Shadow of Little Rock* (Mckay, New York)

Bridgland, F. 1990. *The War for Africa – Twelve Months that Transformed a Continent* (Ashanti, Gibraltar)

Dudley, W (red.) 1992. *The Cold War: Opposing Viewpoints* (Cengage Gale, Michigan)

Gaddis, JL. 2005. *The Cold War* (Penguin, New York)

<http://monthlyreview.org/2013/04/01/cuito-cuanavale-angola/> (12 November 2014)

<http://southerncolloqrhetoric.net/web/resources/Faubus570902.pdf> (1 November 2014)

<http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=718#>
(2 November 2014)

<http://www.history.com/topics/black-history/central-high-school-integration>
(1 November 2014)

http://www.santacruzsentinel.com/ci_18674221 (8 November 2014)

<http://www.spiegel.de/international/germany/from-the-archive-berliners-blame-allies-for-wall-construction-a-778019.html> (20 Januarie 2015)

Liebenberg, BJ en Spies, SB (reds.) 1993. *South Africa in the 20th Century* (JL van Schaik, Pretoria)

Scholtz, L. 2013. *The SADF in the Border War: 1966–1989* (Tafelberg, Kaapstad)